Maandag **11 November**

**Skrifgedeelte: Psalm 91**

**Fokusgedeelte: Psalm 91:16 (AFR33/53)**

**Om te oornag in die skaduwee van die Almagtige**

Psalm 91 sing op verskillende wyses van God se beskerming. Daar is so baie gevare wat ons as mense bedreig. Daar is vyande wat ons kan bedreig (vs 3-5), daar is siekte wat jou lewenspad kan kruis (vs 6, 10), daar is allerhande gediertes wat jou in die oë kan staar (vs 13). Die troos in hierdie Psalm is dat God regeer oor al hierdie onheile. God laat jou sy heil sien.

Om God se heil te mag sien, is eintlik die samevatting van al God se beloftes oor hoe Hy sy kinders beskerm. Die digter twyfel geen oomblik oor God se beheer nie! In vers 1-2 bely hy alreeds God se beskerming. Dan volg die grootste deel van die Psalm (vs 3-13) waar hy sy vertroue in God se verlossing op so baie maniere beskryf. God se Woord van verlossing is nie losse praatjies nie. Selfs God se engele ontvang die opdrag om God se kinders te bewaar waar hulle ook al mag gaan. Hierdie besondere troos dat selfs die engele God se kinders beskerm (vs 11), dien as inleiding hoe God Self dan die Een is wat sy beskerming bied.

Dink aan die baie wyses hoe God sy beskerming oor ons uitbrei. Of ek nou by die Allerhoogste skuil, of ek gered word uit die net van die voëlvanger, of God se vleuels is oor jou, of God is jou skild en pantser. In alles wat God ons beskerm, kan ons in sy skadu rus en troos vind. Hierdie rus en troos en beskerming gryp vorentoe na drie dinge. Dit waarmee ons as God se kinders Hom kan liefhê, ook omdat ons God se Naam ken en ons ook God aanroep. Die liefde, die verbond en die gebed is dit wat God se beskerming oor jou en my elke dag bevestig en nog weer bevestig.

Verse 14-16 is nie net God se Woord van verlossing nie, maar dit is die besonder profetiese woord van hoe Christus deur sy lewe en sterwe ons beskerm. Dit is presies hierdie profesie wat Satan wou misbruik toe hy vir Christus in die woestyn versoek het (vgl. Matt. 4:6). Satan wil God se wonderlikste beloftes waarmee God sy kinders beskerm, tot sy eie voordeel misbruik. Dit is die duiwelse manier van die misbruik van God se woord in Psalm 91. Christus ken nie net hierdie Psalm nie, maar Hy kon Satan vanuit die volle Woord van God antwoord. “Daar is ook geskrywe”, en dan spreek Christus die woorde in Deuteronomium 6:16: “Jy mag die Here jou God nie versoek nie.”

In Christus sien ons God se heil. Ons liefde en vertroue en gebed tot God kan alleen in Christus gestalte vind. Mag ons elkeen in hierdie gevaarlike land waarin ons lewe, beskerm en vertroos word deur die intieme verhouding wat ons deur die werking van die Heilige Gees met God kan hê. So sien ons nou reeds die heil van God.

*Sing: Psalm 91-1:1, 6, 8*

*Dr. PJ (Petrus) Venter (Postmasburg)*